# KRUISGENOOT

16 Februarie 2025

## NGK RUSTENBURG-SUID

JESUS LEEF EN ONS MET HOM



# Kontak

071 436 0102
ngrbsuid@gmail.com
www.ngrustenburgsuid.co.za

NGRtbsuid

ABSA 122 058 012 8

Kaart fasiliteite in die kantoor beskikbaar

**KANTOORURE**
08:00 - 13:00

**SKRIBA**
Helena Heystek-De Klerk
071 436 0102

**LERAAR**
Ds Driaan Britz
083 232 4706
driaan@eeworks.org


# Bid vir mekaar

## Siek of in die Hospitaal

Freddie Alberts
Bessie & Hansie Ströh
Annatjie Smuts
Marie Nel
Pieter Sevenhuysen
Jac van der Bergh
David Jansen van Vuuren
Lienke Venter
Wimpie Espach
Johann Espach
Bronwynne Joubert
Marcel Derks
Fancis Jackson

# LEKKER VERJAAR

17 Februarie - Abram Lourens
17 Februarie - Danielle Oosthuizen
18 Februarie - Lana Human
20 Februarie - Deon Du Pisanie
20 Februarie - Nadia du Plessis




**Namibië**: Bid steeds vir die Oral Bible Translation for the OvaHimba-projek wat nou in die vierde fase is. Bid vir die vertaalspan en vir geestelike hongerte onder die OvaHimba mense.
**Suid-Afrika**: Ons Bybels vir gevangenes-projek het verlede jaar 6 948 mense bereik. Bid vir hierdie projek – veral vir die geestelike versorgers wat die gevangenes op hulle geestelike reis lei en vir die verskillende bedieninge in korrektiewe fasiliteite.
**Lesotho**: Loof die Here vir die sukses van ons verskillende inisiatiewe en Bybelwerk in ons streek. Bid steeds dat ons werk verskillende dele van die samelewing sal beïnvloed deur bekostigbare Bybels in verskillende formate en tale.
**Eswatini** (Swaziland): Die Children's Mission Centre is daaraan toegewy om te sien hoe kinders van regoor die land Bybelgebaseerde programme bywoon in 'n kindervriendelike fasiliteit. Ons hoop om die kinders te help deur ons trauma-genesingsprogramme, Bybelstorievertelling, Bybelluistergroepe en jeugprojekte. Bid asseblief vir hulpbronne vir hierdie projek.

# Voorbidding

Voorbidding is om ander se behoeftes voor God te bring. Dit is 'n daad van liefde en innige meelewing met die nood van ander. Voorbidding is 'n manier om aan te sluit by God se teenwoordigheid in mense se lewens. Daarom is voorbidding nie 'n poging om God van ons of ander se behoeftes te probeer oortuig nie, maar eerder om erkenning te gee dat God 'sien en hoor en ingryp' (na aanleiding van Hagar se ervaring van God se daar wees vir haar in die woestyn). Ons is oortuig dat God ook só teenwoordig is vir diegene vir wie ons intree. Ferdinand Deist sê dat voorbidding vir die nood van ander, iets van God se oneindige liefde en ontferming is wat deurskemer wanneer ons op ons knieë gaan en onsself voor God verootmoedig in die belang van ander.

Die beste voorbeeld van voorbidding is ons Here Jesus Christus self. Joh 17:20 "Ek bid egter nie net vir hulle nie, maar ook vir dié wat deur hulle woorde tot geloof in My sal kom." Jesus Christus het vir sy "liggaam" die kerk gebid. Jesus Christus doen natuurlik meer as net voorbidding, Hy pleit vir ons by die Vader, Rom 8:34.

Voorbidding is meer as net 'n gewone gebed. Voorbidding is om met weldeurdagte gebede vir ander mense of sake of omstandighede te bid. Daar moet 'n erns en opregtheid wees. As ons byvoorbeeld vir Oekraïne bid, moet ons opreg en eerlik wees en God smeek vir genade.

Ons moet elke dag voorbidding doen vir die kerk, die gemeente, vir elke lidmaat, vir die siekes, vir die predikante, ouderlinge en diakens. Ons moet vir die regering bid, 1 Tim 2:1, vir almal wat gesag uitoefen.

Om voorbidding te kan doen moet ons natuurlik in 'n eerlike, opregte, afhanklike verhouding met God staan. Dit beteken ons moet die Bybel lees en ken en weet hoe God ons beveel om voorbidding te doen. Ons kan net voorbidding doen in die Naam van ons Here Jesus Christus deur die kragtige werking en leiding van die Heilige Gees.

*Ds Driaan Britz*






1 Maart 2025 08:00 – 14:00
NGK Rustenburg-Suid

R150 pp
MIDDAGETE VOORSIEN

## DEEL JOU GELOOF OPLEIDING

Die EVANGELIE op jou hand
*Maklik om te onthou – Moeilik om te vergeet*

Kontak: Driaan Britz – 083 232 4706

---

KINDER EVANGELISASIE OPLEIDING
volwasse leiers en kategete

## Hoop vir Kinders

**28 Februarie - 2 Maart 2025**
NGK Rustenburg-Suid
Vrydag: 17:00-21:00. Saterdag: 08:00-17:00. Sondag 10:30-17:00
ETES INGESLUIT
**R300 pp**

*"Sy laaste opdrag, ons eerste!"*

Kontak: Driaan 083 232 4706

---

## Koeksisters
**08:00 - 27 Februarie 2025**

Kom help asseblief - baie hande nodig

---

## Dip 'n Ouma!
**R5 Per Beskuit**

Ons drink nie koffie om wakker te word nie.
Ons word wakker om koffie te drink.

---

## Koffie en Tee
kom kuier saam na die diens
hardeslaankoffie

16 Februarie - Wyk E
23 Februarie - Wyk A

---

## Heerlike tuisgebakte beskuit saam koffie na kerk!

Dames-Toilette OpknappingsFONDS

---

## Woensdag 08:30
## Bybelstudie

---

Jeugbyeenkoms tydens erediens

